Die Pad van Suid-Afrika

C. J. Langenhoven

Donw. U.S.

EERSTE SKOFFIES OP DIE PAD VAN SUID-AFRIKA

DEUR C. J. LANGENHOVEN

TEKENINGE VAN REENEN J VAN REENEN



Nat. Pers
KAAPSTAD
MCMXXI

Twede Druk

Maart 1923

ALLE REGTE VOORBEHOU

Oorspronklik in „Die Huisgenoot" verskyn en met kleine woordelike wysiginkies herdruk

Die Woeste Nag

DIE WOESTE NAG

Daar vér uit die agterverlede, waar duisternis dik en diep
Die spore van sterwe en lewe, oorwinning en neerlaag verberg—
Verberg vir ons maar vir God bewaar, vir die Ewige Hede van God—
Daar kom ons pad uit die donker uit, die pad van Suid-Afrika.
En hy lei in die donker in, die donker daar vóór
Wat lig is vir Ene alleen. Maar hy hou sy gewisse koers—
Die pad van Suid-Afrika. Want hy's afgesteek en bestem.
En ek en jy, wat gister nie was nie, en more nie meer sal wees—
Ons verbeel ons ons reis op die pad, elkeen met sy eie plan—
Maar ons dien maar 'n doel wat geen één van ons gis of droom;

Maar kaal en verlate my berge en dale,
my strome loop weg naar die see.
Wannéer tog, my kinders, wanneer?
My welkom lê leeg in my mond.
Kom tog om liefde te bring vir liefde wat
lange tyd wag;
Kom na my gretige arms—Suid-Afrika
smag vir 'n kroos.

En deur jare en eeue, van berg tot berg,
oor die vlaktes heen en weer
Het die ledige treurlied weergalm—die
sug van 'n moeder wat wag.

Die Verspieders van Ver

. . . . Verby en terug weer verby

DIE VERSPIEDERS VAN VER

En eén het gekom en weer omgedraai, en
ná hom nog één.
En dié het verbygeseil. Verby en terug
weer verby.
En so het die jare gekom en gegaan; en
so het gekom en gegaan
Die vergeefse gesmeektes. Elkeen had sy
doel en sy wil. Heen en weer,
Heen en weer—so maak ons nog almal
vandag. *Sluit aan by die tog*
En help my vooruit, medemens: my reis
is gewigtig; dis ek,
Dis ek wat op tog is; en jy—jy ry maar
saam vir my diens.
(Maar ek draai uit en jy draai uit en die
tog gaat aan.
Wat beteken my wil;—jóu wil, wat bete-
ken hy—in die graftes hier langes die
pad?)

Net so het hul toe ook gereis op die pad
wat geen einde het—
Vir elkene ja, maar vir almal nee.
Want Gods wil bly.

* * *

Maar die pad heen en weer na die oos
en die wes was nog altyd vreemd—
Nie die pad van Suid-Afrika nie. Sy
was 'n hinderpaal.

Die Bannelinge

DIE BANNELINGE

En toe kom Van Riebeek hier woon. Van Riebeek wat maak jy hier?

Jy 't seker tog net soos ek, al beteken dit net so min

Soos myne, 'n sin en 'n wil? Kom jy uit liefde hierheen—

Om liefde vir liefde te ruil met die hart van Suid-Afrika?

Suid-Afrika? My sin en my wil? My wil is my plig

En my sin is my diens. Suid-Afrika— is my ballingskap.

Duisende, duisende myle vér, vér oor die rug van die see,

Daar 't ek my liefde agtergelaat. En Van Riebeeks geslag,

En geslagte ná hom, het aangesluit by die tog, op die pad

In die vreemde Suid-Afrika—die land van ballingskap.

Ons het ons oog op die see, op die skepe
wat kom en gaan,
En tyding bring van ons maagskap daar
vér; en tyding neem
Van die ban'linge hier na ons tuisland
daar vér oor die see.
Ons vaarwel is jaloers aan bevoorregte
maters wat huistoe vertrek;
Ons welkoms meelydend vir nuwes wat
kom om te deel in die swaar
Van ons ballingskap. Met verlangende
hart staar ons oog oor die see
Na die oorkantse kus—ons gesig na
die see en ons rug na die land.
Suid-Afrika—jou vreemde land van ons
las en ons ballingskap!
Voed jy ons maag en kleed ons rug, jou
bodem is ryk;
Jou vlaktes is vrugbaar, vul onse solders
en kelders vol.

Rein en gesond is jou lug, maak onse liggame sterk.
Ons eis van jou voedsel en deksel, gesondheid, ja meer en nog meer:
Rykdom en wellus en weelde—ons eis dit as loon vir ons las.
Maar bly op jou plek: ons verbied jou die toegang, Suid-Afrika,
Na ons heiligdom. Na ons liefde vry jy verniet. Ons is blind
Vir die blou van jou berge, die blou van jou hemel, die goud van jou son;
Ról maar op met sy blomme-juwele jou lente-tapyt;
Dis verniet dat die vertes daar tril op jou vlaktes en spreek van die Ewigheid;
Te vergeefs daardie duisling van almag wat dreig aan jou kranse se voet;
Versmoor maar die sug in jou nagwind van liefde uit peillose hart.

Hou dit weg, hou dit weg, o verleier!
ons wil nie betoor wórd van jou;
Gee pad met jou arms omhelsend, jou
boesem wat klop teen ons hart.
Ons sweer jou dan—wil jy nie glo nie?
—ons sweer jou jy vlei te vergeefs:
Ons hart is nie joue nie, joue nie—nooit,
nooit, nooit!

Maar swaar is die liefde en diep wat
haarself teen haarselwe verset:
Deur ontkenning het hulle erken die
onweerstaanbare mag.
Elkenetjie het sy ou entjie op die lange
pad gegaan;
En ál die tyd was dit, al wis hul dit nie,
die pad van Suid-Afrika.

Die Erstelinge

DIE EERSTELINGE

Ek daag jou, Freedrik Bezuidenhout—
kom uit jou spelonk en gee oor:
Ek daag in die naam van die wet op ge-
sag van Sy Majesteit George;
Eenmaal, twee maal, drie maal—ek daag
jou kom uit die spelonk—
En nou vir die laaste maal: Freedrik
Bezuidenhout, kom!

Wát moes die antwoord wees? Eén man
teen die Britse Ryk?
Teen die majesteit van die wet? Teen
elke beginsel van reg?
Wat sou sy dood ook nog help; sou
iemand daar baat by vind?
Kyk Freek, jy is dwaas. Sal 'n wurm
hom verset teen 'n krans?
Gee oor man en leef en dien met jou lewe
jou land. Of sterf as 'n booswig en
sot.

Stilte. So stil dat die stap van die oomblikke hoorbaar klink.
Gespanne luister die toekoms. Hier's 'n man wat met ope oog
Sy dood of sy lewe moet kies. En vir hom is dit nie wat hy kies—
Hy kies vir 'n nasie wat nog nie bestaan, 'n nasie wat hy nie sal sien.
Tik . . . Tik . . . Tik . . . Suid-Afrika wag. Wat sal die keuse wees?

Hoor, koning George, in die doodskoot se knal die doem van jou heerskappy:
Die sugtende moeder se liefde het liefde gesoek en gekry.
Déur die spelonk, deur die bloed van 'n dwaas, loop die pad van Suid-Afrika.

*

Weer klink daar 'n oproep om oor te gee en één man staan,
Omsingel, alleen. Bezuidenhout, Jan Bezuidenhout—

Deur die spelonk, deur die bloed van 'n dwaas, loop die pad van Suid-Afrika.

Jou dooie broer met sy dwase verset is 'n voorbeeld vir jou. Ons daag jou, gee oor!

Ja, waaragtig, my dooie broer is 'n voorbeeld vir my. Vir my en geslagte
Wat kom. Daag julle vir my? Renegate en huurlinge my?
In my land wat my nasie sal erwe? Kyk, dis ek wat hier daag,
En ek daag op 'n hoër gesag, die gesag van Suid-Afrika.
Ek daag jul—trek weg julle bendes of neem verlief my koeël,
En die koeëls wat sal kom van my nasie wat kom, tot die heerskappy oor Suid-Afrika
Sal behoor aan haar kinders alleen.
Die koeëls wat kom? Nee, sterkere magte as wapengeweld

Sal veg vir ons vryheid van dwingelandy.
Sien julle wie laai my roer?
Dis my vrou en my kind, die dierbaarste
skat van my hart.
Eenmaal, twee maal, drie maal . . . ver-
raaiers—gee pad of ek skiet . . .
Laai, vroutjie, laai vinnig—hulle kom
met 'n menigte aan. En hier,
Hier's één man vandag wat allenig moet
staan aan die kant van Suid-Afrika.

Dag, vroutjie, dag kind. Ek sterf op die
pad wat nie uitdraai of wyk—
Die pad afgesteek vir die reis van my
nasie wat kom—
Die pad van Suid-Afrika.

Die Galg

DIE GALG

Haai julle, wat daar timmer aan die
galg—sorg dat die steiers stewig
staan,
Maak die dwarsbalk bo terdeë sterk,
skroef die boute goed vas:
Dis 'n sware gewig wat daaraan moet
hang—vyf man swaar,
Wat hulself wou weeg teen die Britse
Ryk, teen 'n wereldheerskappy—
'n Gewig wat in lengte van dae moet
weeg op die hart van 'n nasie wat kom.

* * *

Famielie-betrekkings en vriende, wat
staan en wag op die treurspel—
Haal julle hoede af en rek julle oë oop,
En kyk wat van oproer word—verset
teen die vryheid en reg,
Teen die vryste gesag en regvêrdigste,
wat daar ooit op die aarde was.

Huil, ja huil, julle skuim, famielie van
skuim, huil en onthou :
En leer julle kinders en kindskinders
vrees en bemin
Die vryheid van dwang en geweld, die
reg van roof en bedrog.

Nou toe, rebelle, klim op; elk na sy eie
strop.
Eers beken? Ja beken; dit sal goeddoen
vir dié wat agterbly.
Goed, julle gees is gebroke. Ons wat die
liggaam hang,
Ons sorg vir die siel. Met behulp van jul
eie bloed en taal
Het ons die siel verskrik met die booswig
se dood voor oog
En gebruik gemaak van die vrees vir 'n
God daarbo
Waar swaarder oordeel op aardse vonnis
wag.

'n Ligte prooi vir die meer ontwikkelde
gees is die dom
Ongeletterde eenvoud wat diep in sy
hart onbewustelik voel
Die drang van 'n ideaal waarvoor hy
geen woorde besit
En geen rekenskap ken. Soos die skaap
voor sy slagter stom
Is hy stom voor die renegaat-leier met
gladde en vrome bedrog—
Goedkoop te huur, om sy eie bloed te
verraai,
Met tietels, posiesie, en walgende wie-
rook van vreemde eer.
Doeltreffender hy as die galg; want dié's
om die liggaam, hy om die siel te ver-
woes.

Sing? Ja sing as jul wil: dit sal help
om die indruk te sterk.



Vrotsige knoeiers, is dit julle diens vir die loon van die Ryk—

Geen één nog dood nie dan stort julle galg inmekaar?

* * *

Vry, vry! roep die skaar; *dis 'n oordeel van Hoër Hand!*

Maak gou, maak die stroppe los; vee die doodsweet af van die pêrs gelaat;

Laaf hulle saggies en teer; laat hul bykom, terug uit die nag;

Met volle teue die reine lug in hul hygende longe trek,

Die son weer sien en die hemelblou en die groene rante in die rond,

En die liefde en blydskap op baie gesigte van vriend en bloedverwant.

Leef weer onder mense wat leef. Die benoudheid des doods is geweke.



Op Slagtersnek staan 'n ereboog . . . .

Bladsy 29

* * *

Haai julle, maak gou. Plant vaster die
galg hierdie slag. Die dag gaat om.
Nog 'n maal: kom, rebelle. Sê dag en
klim. Nee, nie almal gelyk nie—één
vir één hierdie slag—
Anders val jul straks weer. Om die
doodsangs twee maal te voel is genoeg.

* * *

Op Slagtersnek staan 'n ereboog wat 'n
swarte skaduwee werp
Oor die pad wat daar onderdeur loop.
Dis die pad van Suid-Afrika.

Die Ontkieming

DIE ONTKIEMING

Twintig jaar lê die skaduwee daar op
Slagtersnek oor die pad:
Twintig jaar, 'n oomblikkie maar, soos
die tye van volke loop—
Maar suiglinge wat laggend in wenende
moeders se arms
Die skouspel daar as 'n grap aanskou
het, begint elk van 'n maat te droom.
En manne en vroue, toe op die hoogte
van fiere lewenskrag,
Stap nou vér op die afdraend anderkant
af met die grysaards slepende slof—
Party aan die arm van 'n eggenoot nog,
'n lewensgesél,
Maar meeste as oorskiet, alleen. Want
óns gaan self of ons maters gaan,
Aanhoudend, één vir één; en die nuwes
wat kom om die plek daarbuite te vul,
Bring elk maar sy eie tyd en sy eie
maters saam:
Geen nuwe kom ooit om die leegte te vul
in ons lewe en in ons hart.

'n Oomblikkie maar van 'n twintig jaar,
maar 'n oomblik vol
Soos 'n twyg wat in duisend jaar een-
maal of geenmaal bloei—
Maar dan bot onbedwingbaar en swel en
van volheid bars
Met 'n nooit gewese wonderlewe wat kom.
State verander; Regeringe kom en gaan;
Landpale rys waar geen skeiding was en
skeidings word weggevaag,
Volke sluk in en word ingesluk. Maar
nasies loop deur,
Deur groei en kwyn, met die sweep in die
hand of die juk op die nek—
Nasies leef deur die eeue heen, en die
wieg onthou God alleen.
Maar hier op die pad van Suid-Afrika,
op die skoffie ná Slagtersnek,
Staan 'n ledige wiegie en wag en die
Almag staan klaar om te sus
Die tingere tedere kindjie wat aanstonds
die lewe sal sien.
'n Nuwe nasie is klaar om gebore te word.

. . . . staan 'n ledige wiegie en wag . . . .

* * *

Maar wát hom ook later wag, hoe bitter
swaar ook die las
Van sy kinderjare sal wees—want weelde
moet vér van hom bly,
En lyding hom sterk—ja die lyding van
onmag en reg
Teen die onreg van oormag wat onver-
moeid in sy nyd
Hom sal volg en vervolg en verdruk om
sy jeugdige siel te versmoor—
Wát hom ook later wag soos bepaal deur
die Raad wat regeer—
Op sy wieg moet die son van vryheid
skyn, nog die minste skaduwee
Van vreemde oorheersing val. Geen
nasie van slawegeboorte hy, maar
vry—
Vry om met onbetwisbare reg, oral, teen
almal en altyd,
Sy aanspraak op vryheid te eis—tot hoë
bestemming geroep
Uit die hoogte van adellike herkoms.
Daarom, dat sy wieg in 'n vrystaat
wag:
Daarom, dat die pad nog eers daarheen
moet lei—die pad van Suid-Afrika.

Die Grote Trek

DIE GROTE TREK

Gaan kyk en kom seg ons wat gaande is
daar op die vlaktes:
Van rant tot rant, van ent tot ent, tot
die deinsige uiteinde vér—
Sovér as ons oor kan hoor, sovér as ons
oog kan sien—
Sien ons die eensaamheid wemel van
lewe, hoor ons die stilte weergalm van
rumoer.
Ruis daar geweldige winde deur bome,
daar waar geen bome groei?
Bruis daar golwe van baie waters, daar
waar geen strome vloei?

„Ek sien kuddes kleinvee, honderde-hon-
derde bokke en skape,
„Haastig gejaag, haastig van bossie tot
bossie verbygaand 'n bekvol gryp,
„Vorentoe, vorentoe, hardloop en blêr,
en die lammertjies blêr agterna.
„Ek sien perde met ruiters galop en los-
perde vóor,

„Wat tergend skuins agteruitkyk en spottend skop agterop—

„ ‚Jy sal ons nie vang nie want ons is vry en jy het 'n mens op die rug.'

„Ek sien beeste in troppe van maters saam, aan dieselfde kraal gewénd,

„Weierend almal om haastig te word. Hier 'n koei

„Met 'n moederbulk en 'n oog wat gedurig maar draai na die kalf,

„Daar 'n bul soos 'n kafferkoning, deftig en nors.

„Troppe-troppe beeste besonders, maar almal op één koers gerig,

„Deel van één grote beweging, gedryf deur één wil en doel.

„En tussen die troppe wat los oor die vlaktes trek

„Sien ek spanne wat voet vir voet, waardig, geduldig, bedaard,

„Aan waens beur wat kreun en kraak oor die ongemaakte pad

„In 'n vaste lyn agtermekaar soos 'n duisendpoot sonder ent."



Soos 'n duisendpoot sonder ent

Loop nader en kyk en kom seg ons, wat
is die plan?
Die eenheid van handeling spreek van 'n
eenheid van wil:
Die menigte word deur één gemeenskap-
like siel geregeer.
Wat is daar vóor wat lok? Wat is daar
agter wat dryf?
Wat is daar binne wat stuur? Die bode
gaan en kom met verslag terug.
„Deur die wolke van stof sien ek mense-
gestaltes dof
„Soos spoke in die rook op 'n slagveld.
Dis hulle wat stuur."
Dis hulle wat stuur, ja, maar wat is dit
dan wat vir húlle stuur?
Soos die stof wat daar styg met krullende
kolke omhoog
Weldra weer saggies sal sink tot sy rus
op die aarde waaraan hy behoort—
Netso sal ieder 'n liggaam van dier en
mens van die ganse menigte daar
Aanstonds één vir één in sy spore bly lê
sodra as sy lewende siel

Hom nie meer van binne bestier. Na die liggaam verneem ons nie—
Die liggaam gaan dood. Die sigbare is maar die buitenste vorm '
Wat oomblik vir oomblik 'n ander gedaante neem.
Wat óns na verneem is die binneste krag, die diep ongesiene
Wat onvergankelik ewig duur. Die menigte daar is van binne besiel:
Gaan soek daardie binneste siel, sy strewe en plan en doel:
Gaan soek na die ewige krag wat die tydelike liggame dryf.

Die bode gaan nader om uit te vra. „My vriende, waarheen?
„Waarom? Dreig daar gevare agter? Wag daar veiligheid vóor?
„Is daar rykdom, wellus, weelde, gemak, op die ent van die tog te haal?"
Die trekkers skud swygend die hoof. Hulle wys met die hand agteruit

Na 'n lushof van vrugte en blomme,
van golwende lande van graan,
Van woninge wit onder lowergroen bome,
die vrug van hul vaad're se vlyt.
Hulle wys met die hand na vorentoe;
na 'n rasende woesteny,
Waar ongedierte verskeur en wilder barbare folterend moor,
Waar honger en naaktheid die lewende wag en die dooie 'n graf in die roofdier se maag.

„Ek sien julle pad lei weg uit die lig en hy lei in die donker in.
„Is julle dáaroor so treurig gestem?
Maar nee—in jul oog van vuur
„Sien ek moed wat van vrees nie weet,
wat vir mens of vir dier of vir duiwel nie deins.
„Watter las van leed of droefheid druk dan so swaar op jul hart?"

Ons het dag gesê aan die vaal Karró, aan die laagtes waar gannas groei;

Aan die vet plakkie-blaar,' die verspot reusestam van die dwerg-botterboom;

Aan die spekboom-plaat wat die hellings van die rante klee;

Aan die aalwee wat styf soos op krygsdiens staan met pluime van goud op sy kop;

Aan die ghwarrie en koenie en pruimbos, waar die bokke orént

Staan en wei. Ons het dag gesê aan die klapper met bloed bestryk;

Aan die pekelblaar blink met juwele belaai wat glinster in die glans van die son;

Aan die vygie, skarlaken en karmosyn, en die gousblom, gevalle ster;

Aan die vleklose hemelreinheid van die aandblom se kleur en geur.

Ons het dag gesê aan ons plasie, groen in die vaal Karró;

Aan die dam waar ons kinders geswem het en geswaai aan die wilgskoppermaai;
Aan die boord waar ons groen appelkose gesteel het en die laning waar die kweperlat groei;
Aan die onderdeur waaroor Pappie geleun het om oor kampe en lande te kyk;
Aan die voorhuis waar Mammie gesit het om ons kleertjies te maak en te lap.
Ons het dag gesê aan die graftes waar Pappie en Mammie rus.
Sal hulle ons mis? Wie weet, as daar vreemde voetstappe kom
Wat onverskillig verbyloop, sonder 'n blik of 'n traan.
'n Lewenstyd van swoeg en sweet, van karige spaarsaamheid
Moes hulle bestee om aan ons te laat wat vreemde nou sal geniet:
Ons het dag gesê aan ons vaad're se erwe, aan ons en ons kinders gelaat.

„Gaan julle dan weg onder dwang?
Wat het julle daar verdryf?"
Al wat gesag of invloed had het hemel
en aarde beweeg
En dwang gebruik om ons trug te hou.
Ons gaan uit ons eie keus.

Die bode kom trug. „Ek verstaan hulle nie. Die siel is onpeilbaar diep.
„Hulle gaan hulle ongeluk soek; hulle gaan met bedroefde hart;
„Hulle gaan sonder dwang uit hul eie keus. En mal is hul nie,
„Maar karaktervas, onwankelbaar, soos 'n rots in die hart van 'n berg.
„Elke gelaat straal van heilige vuur soos die aangesig straal
„Van die vrou wat die smart van die koms van haar eersgeboorne verwag."

* * *

Die gewelf van eindlose ruimte

Ondergegaan is die son met sy dag van
gewoel en gewemel.
Die jammerhartige nag wat vermoeide
ooglede sluit
En siele van kommer sus, het die swarte
kleed
Van sy maat die dood geleen en met sagte
hand
Oor mens en dier gesprei, oor drywers
sowel as gedryfdes,
Almal moeg van die swoeg van die dag
se stryd en strewe,
En soetjies gefluister : „Rus in my stille
arms, slaap op my geurige bors,
„Skep moed en krag vir die môre wat
kom met sy sorg en plig."
Die gewelf van eindlose ruimte is oop-
gespan en gemerk

Met stippels van sterre wat kalm en vér
oor die slapende vlaktes glim,
Waar hul beeldjies terugblink uit vuur-
tjies wat brand by die waens.
Laat ons nader tree in die peinsende poos
tussen werk en slaap—
Die één te luidrugtig rasend, die ander
te stil en stom—
Want die dier slaap daadlik, die mens
moet nog spreek met sy siel:
Laat ons nader tree met voetstappe sag
soos 'n droom wat yl in die nag,
En die trekkers bespied. 'n Hoekie, wie
weet, van die sluier
Wat voor hulle heiligdom hang, sal lig,
en verraai
Die geheim van die krag wat van binne
daarbuite regeer.

Maar dit is geen trekkers nie! Hier-die mense is almal tuis—
Eén vir één groepie by één vir één vuur is 'n huisgesin.
Vader en Moeder, Ouma en Oupa, Boeties en Sussies, almal is daar;
Elkeen vul sy eie ou plekkie, soos weleer op die plasie verlate.
Vader het die wild besorg, moeder het dit voorberei;
Die groot nooi sit skamerig eenkant met 'n seun van 'n bure-wa;
Die suigling lê aan die bors; die voor-laaste outjie
Klouter oor Oupa se skoot. Die ander-tjies, elkeen met iets om te vra,
Fluister vir Moeder saggies, want Vader dink diep—
Dis nie tyd om te stoor nie. Eenkant sit die ou hond, verwonderd
Waarom hy dan nie maar sommer sy stukkie kan kry nie—
Almal het hom dan lief. En, net so getrou, by die agterwiel

Staan die outa en aia wat pas op baas en
nooi-goed se hawe en kinders
Asof dit hulle s'n was. Daar is tug soos
geen dwang ooit kan bring nie,
Gesag soos geen wet ooit besit. Elkeen
het ontsag vir die ander.

Ons dink aan geen kwaad nie. Hóe sou
dit Moeder bedroef!
En Vroutjie—hoe sou ek haar in die oë
kyk?
En Ouma en Sussie en die nooientjie aan
wie ek verloof is—
Wat sou hulle dink van my? Hier's 'n
gesag wat met liefde regeer,
'n Tug deur liefde op liefde gehandhaaf,
'n diens waarin elk homself vergeet
En sy hoogste geluk in die swaarste offer
aan dierbares vind.
Elke wa is 'n tuiste; die binnekamer is
daar,
Die wieg om die suigling te sus, die
sponde om die sieke te pleeg
En afskeid te neem van die sterwende.
En 'n Hoër Gesag heers nog hier

As die tug wat onderling bind. Want
elke wa met sy huisgesin
Voer sy huisaltaar mee soos 'n ark van
ouds.

Kom daar teëspoed, siekte of dood,
daar's 'n Vader daarbo
Wat liefhet en weet. Dreig daar gevaar,
ons verag elke mag op die aarde.
Die Almag wat gans die Heelal in die
holte hou van Sy Hand
En sonnestelsels oor peillose afgronde
slinger, het elke stap
Van die grootste en kleinste van ons van
Ewigheid voor alle Ewigheid vas-
bepaal.
Dreig dan, o vyand, jou ergste—jy kan
Maar die wil uitvoer
Van God wat regeer. Maar ons aan-
gaande, kom lief of leed,
Kom wel of wee, ons dank Hom vir
vreugde en dank Hom vir droefheid;
Ons volg sonder stilhou of uitdraai die
weg wat Hy skryf in ons hart;
Ons buig voor Hom en voor Hom alleen;
Hy 't ons geroep en ons gaan.

* * *

Weer, waar die trek verby is, weer lê die vlakte verlate,
Stil, onafsienbaar, in eensame majesteit wagtend.
Maar hy dra nou 'n merk wat sal duur soos in marmer gebeitel,
'n Teken van aanklag getuiend teen nydige stoflike mag,
'n Teken van krag onoorwinlik, die krag van die siel wat leef:
'n Gedenkteken nederig, heilig, hoog, sonder hande gemaak:
'n Pad deur Voortrekkers voete getrap, die pad van Suid-Afrika.

Retief by die Vetrivier

RETIEF BY DIE VETRIVIER

My broers, julle roep my om leier te
wees, om te lei waar ek graag sou volg,
Op 'n pad in die duisternis waar ek graag
sou leiding ontvang—
Waar die keus van 'n dwaalspoor nie my
alleen, en nie julle alleen,
Maar die hoop van ons toekoms raak.
Hoe sou ek verantwoording doen?
Die taak laat my sidder. Ek wou maar
dien in die agterste ry—
Toewyding bring waar bekwaamheid
ontbreek, swakheid met ywer vergoed.
Maar gehoorsaamheid — is beter as
offerande. En gehoorsaamheid
Pas 'n dienaar. Julle roep my, my
broers, en ek kom. Ek kom met my
duisend gebreke—
Neem my daarmee. Maar neem my daar-
by met 'n hart wat streef
Na geen wins of eer of eie doel, maar
na dit alleen:
Na die diens van my land wat ek lief-
het en die eer van my God wat ek vrees.

* * *

My broers, ons het hierheen gekom, daar vér uit die ou Kolonie,
Met die werk van ons ouers se hande agter ons rug;
Met 'n wildernis om ons heen van gevare wat dreig
Om ons liggaam en siel te verwoes; met 'n toekoms van duisternis vóor
Vir ons vrouens en moeders en dogters wat hier staan op die kale veld,
Vir ons kindertjies klein wat met onskuldig ogies vertrouend en vragend ons aankyk.
Wát het dán vir ons hierheen gebring? Waarnatoe hiervandaan?
Wat maak ons hier vandag? Dink terug, dink terug, o my broers,
En laat elke man aan sy God en gewete vra: Kon ons anders gedaan het as so?

* * *

Ons het niemand se goed ontneem nie,
nog ons naaste se kwaad gesoek;
Met geen ander se weg ons bemoei nie, of
haat en twis verwek;
Maar selfs van diegene wat later met oor-
mag vir aanspraak gekom het
Om die akkers te maai deur ons ouers
gesaai, wou ons vriendskap en hulp
Vir hulp en vriendskap ruil. Want die
werk van beskawing is groot,
Die getal van die arbeiders klein. Daar
was plek vir ons en vir hulle plek.
In ons hart was geen ander begeerte, op
ons lippe geen ander aanspraak
As om elkeen te gee wat hom toekom, 'n
eerbare lewe te voer,
Regverdig in handel en wandel ons huis
en ons kroos te versorg;
Om die wet van ons land te gehoorsaam
en waardige burgers te wees,

Getrou aan ons God en onsselwe, ons huis en ons maatskappy—
Maar trou tegelyk, sonder wankel of wyk, kos dit bly of skei,
Aan die weg deur ons vaad're betree om daarop ons kinders te lei:
Die weg van ontsag vir God Almagtig en vrees vir geen sterfling op aarde
Wat die één ding van ons wou ontneem waaruit al die ander vloei:
Die vryheid deur God aan sy nietigste skepsels gegee
Om elk vir homself sy straf of sy loon op sy eie pad te verdien—
Om eg te bly na sy eie soort en te groei na sy eie aard.

* * *

Dáar was die keuse, my broers, vir ons in die ou Kolonie—
Dáar was die vraag. God had ons sovér gelei,
Op die pad van Suid-Afrika, om te aard as 'n nuwe volk
Aan sy nuwe land getrou. Sou ons aard of ontaard, was die vraag—
Ons wil aan 'n ander se rekenskap laat? Onse siel aan sy bande lê
Om te dien as gereedskap vir vreemde doel? Nee, broers—
Die wreedste gedierte verpleeg sy kroos, die swakste verdedig sy nes met sy bloed.

* * *

Die keuse was daar. En ons het gekies:
Om eer in woestyne te swerwe,
Te vergaan van gebrek en ellende, verslind of gefolter te sterwe,
As om sonder ons vaad're se aard te bly
woon op ons vaad're se erwe.
Die pand aan ons toevertrou, wou ons
daar vir ons lewe behou
En daar vir ons kroos bewaar. Want die
lus van ons hart was daar.
Daar lê ons ouers se vreugde en pyn.
Daar het die eerste skadu en skyn
Op ons kinderjare geval. Herinneringe
heilig van wel en wee
Is daar aan ons wiegies se tuiste met
bande onbreekbaar gesmee.
Maar die pand was meer as voedsel en
deksel, meer as 'n plaas bebou—
Die pand was die roem van 'n adelsiel aan
sy eie hoogte getrou:
'n Siel wat tot in die stof wil buig, wat
wil dien deur die doodsangs heen—
Maar sy eie land alleen wil dien en wil
buig voor God alleen.

* * *

En nou staan ons hier, my broers, met die
mindere prysgegee
En die meerd're vermeerder behou—ge-
reed om van nuuts af weer
Te begin waar ons vaad're begint het.
Want ons is nog hier op aarde,
Met 'n hemelse siel wat vereers in 'n
aardse liggaam moet woon—
'n Liggaam wat nog vir sy aardse behoef-
tes op aarde voldoening moet soek.
Aan die werk dan, my broers, laat ons
delwe; God sal die wasdom gee.
Ons is nader hier as ons vadere was aan
die hart van Suid-Afrika—
Soos hulle sal ons die woestyne benat met
die sweet van ons aangesig
En bevrug met die bloed van ons hart; en
die loon van ons lyding laat aan ons
kroos
In 'n lushof van vrugte en blomme, van
golwende lande van graan,

Van woninge wit onder lowergroen bome,
die vrug van hul vaad're se vlyt,
In 'n nuwe land wat hul eie sal wees—
hulle eie Suid-Afrika.
Die gesag wat daar heers en die vlag wat
daar waai sal geen vreemde belange
dien.

* * *

Ons stig hier vandag ons eie Staat, op die
wil van sy eie volk gebou.
Maar die Staat sonder meer is 'n lig-
gaam, 'n geraamte sonder 'n siel.
Nee, broers, dit is meer as 'n Staat wat
ons stig. Waarom brand ons harte
met vuur?
Watter heilige lig sien ons, elkeen van
ons, van sy naaste se aanskyn straal?

* * *

Ons was, elkeen van ons, van sy moeders
skoot, 'n seun van Suid-Afrika.
Maar eenlinge almal, elk vir homself,
van buite saamgevoeg
Deur gevare, belange, bestemming; deur
eenheid van sede en godsdiens en taal;
Maar van buite saamgedryf, met 'n
dowwe droom van 'n dieper drang
Wat nog in die toekoms, wie weet waar,
éendag van binne sou dryf.

* * *

Daardie droom is verwesenlik, broers.
My broers, daardie dag is hier.

* * *

Druppeltjies sink in die klipdorre berg.
Uit 'n sypeltjie hier en 'n lekkie daar
Loop daaronder 'n bekie wat dreun in die
kloof. Die klowe se bekies kom byme-
kaar
En stroompies by stroompies, tot strome
by strome vergaar,
Maak die grote Oranje Rivier. Wie sal
die druppeltjies tel nou daar,
Of die bekies weer één vir één ken? Uit
die grote skaar
Wat hier om my staan—wie sal die bloed
onderskei in die aar,
En sê dis 'n Geus of 'n Duitser die, en
daardie 'n Hugenoot?
My broers, laat eerbied en dankbare roem
die lewe nie soek by die dood.

* * *

Maar waar is ons voorvaders dan—met
bloed en tradiesies verlore?
Nee, beter, my broers: hul is hier vandag
tot 'n nuwe eenheid herbore.

* * *

En hier vandag, op Vrystaatse veld,
onder Vrystaatse hemelblou,
Waar ons saamkom met blymoed en erns
om ons vrye Staat te bou—
Vandag het ons hier eers die siel van ons
nuwe eenheid ontdek:
God het 'n nuwe nasie met die siel van 'n
nasie verwek—
'n Nasie bewus van sy roeping en plig,
waar geen één vir homself alleen
Na sy kroon wil gryp, maar sy kruis
wil dra vir die kroon van die alge-
meen—
Elkeen vir almal en almal vir elk, want
elk is met almal één.

* * *

Daar mag tye kom wat ons weer sal skei,
sodat broer teen broer sal staan,
Die één aan die sy van die vyand stry dat
die ander ten gronde maġ gaan:
Maar deur tweedrag heen sal die eenheid
bly. Want elke geslag neem 'n fout
na die graf
En die wieg wat kom bring 'n deug wat
bly: Geen nasie sterf ooit sy bestem-
ming af.

* * *

Ons weet nie die wil van die Almag nie,
nog die koers van ons toekoms se baan—
Ons Staat mag val, ons Staat mag staan:
die siel leef oor as die liggaam ver-
gaan.
Die mag deur ons ginds ontvlug mag
toegelaat word met sy nyd en haat
Om ons hier te vervolg. Want die raad
van God is nie onse raad.
Maar God sal sy eie saad vir sy eie vrug
bewaar—
Wát ook mag kom, ons nasie sal leef.
Broers Afrikaners, die nasie is daar!

Retief en Dingaan

RETIEF EN DINGAAN

Díngaan, ek kom met vrede. My mense*
het my gestuur
Om land van jou te koop.

Dis 'n baas wat stuur.
En dié wat hy stuur is 'n kneg. Sou ék
ook met knegte handel—
Ek, Dingáan almagtig? Wie is jou
mense se baas?

My mense erken geen baas behalwe God
alleen.

* „Díngaan" word as 'n spondee behandel, en uitgespreek „Díngaan" of „Dingáan" volgens eis van die versmaat.

En myne erken geen god behalwe Dingaan alleen.
Jou mense, sê jy, het vir jou gestuur?
Na my, na my, Dingaan?
Vir jou gestuur? Vir jou na my?
Jou mense sonder land
En sonder baas, het vir jou na my gestuur? Jou mense beledig my.
Hulle sal ontsag moet leer soos duisende dit geleer het
Wat beter as weglopers was. Uit die vlaktes van honger en dors,
Oor kranse wat dreig en spelonke wat gaap om te waarsku: „Bly weg,
Dit is Dingaan se land," kom die wíldebees. Die wíldebees sonder 'n baas
En sonder 'n land, kom graas op die wei van Dingaan se beeste.
Dingaan se oë is skerp. Dingaan se ore is fyn. Dingaan se assegaaie
Trek oor sy weiveld in swerms, gevolg deur sy aasvools en kraaie:
Wit oor Dingaan se weiveld lê die wíldebees se geraamte.

Rood oor Dingaan se weiveld stroom die
bloed van Dingaan se beeste,
En afgevreet is die arm wat swaai met
die assegaai.
Die leeu erken geen baas. Die leeu is
sonder 'n land,
As daar waar hy gaan waar hy wil.
Maar wát hy daar eien is syne.
Soetjies, Dingaan, moenie dreig nie: dit
pas nie jou koningswaarde.
Hoor eers my woorde klaar—daarná kan
jy altyd nog moor.
By ons het ons ook ons voorman, en dis
hy wat hier voor jou staan;
Maar by ons is die minste die meeste en
die leier is hy wat gehoorsaam.
In jóu land is almal jou knegte, wat
knielend en kruipend dien;
Jou troon is op skrik gebou, op die vrees
van jou onderdane.
By óns sou so 'n gesag, gegrond op vrees
en geweld,
Sonder krag of waarde geld. Want ons
ken geen vrees as die vrees van God;

Ons kniel voor geen koning en kruip voor
geen hoofman op aarde.
Vir diens wat moet buig is ons werk te
groot—vir die deugdlose diens
Wat sy volheid nie skenk uit sy vrye
drang maar onlustig swoeg
In die juk van dwang. By ons heers 'n
deegliker mag—
Die gesag van die eie gewete en wil. Ons
dien met 'n trouer diens—
Die diens wat homself vergeet en aan
andere meer as sy hoogste gee
Omdat liefde hom neig. Stuur heen,
Dingaan, en laat vra aan Silkaats—
Laat Moselikatse vra—hulle heers ook
deur vrees soos jy—
Laat hul vra hoe die soort van diens, wat
óns krygsmanne gee in die stryd,
Teen húlle s'n weeg. Laat vra, Dingaan,
en leer
Om liefde teen vrees te meet en liefde se
mag te vrees.

Ons het dit klaar geleer, Dingaan; deur
stryd het ons vrede leer ken,
En geleer om vrede te soek en vrede te bie,
en dáarvoor vandag is ek hier.

Wat vrede kom bie en vrede kom soek is
die swakke. Was jy sterk, witman,
Jy sou nie smeek nie maar ek. En ek sou
soebat vergeefs,
En jy sou my spot en verag.

As ek swak is, Dingaan, hoef jy dan die
proef te vrees? Waar's jou gevaar?
Beproef nou die weg wat ek aanbeveel,
en vind jy dat hy nie deug nie,
Kan jy altyd nog weer die ou koers her-
kies—die weg wat die roofdiere gaan.
Hoe lieflik skoon is jou land, Dingaan,
hoe vrugbaar en ryk!

Hy kan honderde, duisende mense dra
wat in vrede en veiligheid leef.
Maar wat het jy en jou vaders van jul
land en sy lewe gemaak?
Jou land lê leeg en jou onderdane, die
skat van jou koninkryk,
Skuil onder die skadu van skrik, elke uur,
elkeen, vir 'n dood van geweld
Of 'n dood deur sy broer se verraad. En
jyself, Dingaan,
Met die willekeursmag wat die nuk of die
gril van die vlaag van 'n oomblik dien:
Die mag oor die lewe en dood van duisen-
de—is jou eie lewe vry
Van die angs en sorg wat gedurig knaag;
van die vrees wat van voetstappe droom
Waar jou oor nie kan hoor nie, wat swarte
gedaantes ylend ontwaar
Waar jou oog nie kan sien nie? Din-
gaan, is daar ook harte van liefde wat
trou oor jou waak
Soos 'n moeder haar kindjie bewaak,
om die kwaad van jou af te weer?

Nee, Dingaan, die liggaam wat kruipend
beef voor die skrik van jou majesteit
Dek 'n hart van haat. Agter jou troon,
waar jy waak van vóor;
In jou binnekamer waar skaduwees skuil;
in die donker nag wat jou kooi om-
ring—
Oral skuil ongesiene gestaltes van skrik,
swarter vir jou
As jy vir dié wat jou vrees. Want húlle
gevaar is vóor hulle oog,
Joue verraad wat jou heimelik dreig.
Eén vir één vang jy en slaan jy dood—
Eén op bewys en honderd op agterdog.
Is dit mag, is dit sterkte wat so regeer?
Nee, dis swakheid, Dingaan. Dis die
swakheid van vrees.
Want van al die onveilige lewes hier in
jou land van die dood,
Is joue elk uur van die dag en nag in die
grootste gevaar.

Wag, witman, ek weeg jou woorde, wag.
Wag, witman, ek peins.

* * *

(*Tersyde*)

Vir die witman se oog skyn daar lig in die nag van my hart.
Hy lees die geheim van my binneste siel.
Hy's 'n towenaar.
Voorspel hy verraad? Sien hy my einde vooruit? En syne, wie?
Ons sal sien, witman, ons sal sien . . . .
Wie van ons twee die eerste die dood van verraad sal smaak.

* * *

(Weer tot Retief)

Witman, die saad wat jy saai bly weg in
die aarde se skoot,
En dae daarná kom die groen pypies uit;
en dae en dae daarna,
Ná die maan viervyf maal vol en viervyf
maal weer donker was,
Dan eers kom jou oes jou loon. Gee tyd.
Laat jou woorde ontkiem in my hart
En oordenking tot wysheid ryp, tot daar
lig vir my skyn op die nuwe weg
Wat jou vinger my wys—die weg van
vrede en liefde,
Waar niemand sy naaste vrees of haat en
die sterke die swakke dien.
Ek wil dink daaróor . . . . en ook dáaroor
dink : waarom die witman dan kom oor
die see,
Uit sy land waar daar vrede en veilig-
heid heers, na myne van dood en
verderf?

Daar was vroeër niks op die aarde, Dingaan, as 'n onkruidwoesteny.
Maar daartussen deur duisende jare van vlyt het daar stadig gesprei
Lande van graan deur die gees van die witmans beskawing gekweek,
Maar nog oor 'n kleine deel. Die grotere wêreld lê wild en woes soos hy was.
Ja selfs waar die graan reeds groei, groei die onkruid gedurig saam,
En peste en plae en ongedierte verniel.
Geslag op geslag en eeu op eeu het die witmans beskawing
Langsaam met byna onmerkbare skrede sy eie land
En sy eie kleur deursprei, van tyd tot tyd en oor lange tye
Agteruitgedruk soos graan deur droogte en onkruid en plaag.
En dan maar weer strewend vooruit. So streef die witman se kennis en kuns
Teen baie mislukking en teëspoed. So streef sy deug

En sy Staatsbeleid—sy diens van sy God
en sy maatskappy—
En al wat hy hoog kan bring in homself
om sy ewemens
Tot hoër as dierestand te hef. Maar
hyself, Dingaan, is, helaas, op sy beste
Nog vér van volmaak. Op die skoonste
akker tier steeds nog die onkruid tussen
die graan.
Want die één groei met moeite en sorg,
die ander weeldrig vanself.
Die Vader daarbo het die vrugbare aarde
beskik,
En die son en die reën voorsien, maar
die werk aan Sy kinders gelaat
Om self hul geluk uit Sy gawe te haal.
Maar Sy kinders moet swoeg en stry—
Nie stry teen mekaar maar saam met
mekaar—om die onkruid uit te roei.
En die goeie gesonde saad te saai en te
pleeg,
En gans die woeste wêreld te maak tot
'n skone bewerkte plaas.

Ons weet nou Sy wil, aan die witman geopenbaar,
En met al wat daar kwaad en verkeerd nog is, oneerlik, selfsugtig en dwaas,
Is daar tog van die Vader se kinders wat streef—ja ook streef teen hulself—
Met nederig besef van oneindig gebrek en onwaardigheid,
Om Sy Wil te gehoorsaam. Onder húlle is óns, Dingaan—ons Boere wat kom
Om ons heil te soek in die swartman se land, maar soekend te gee:
Want daar's meer as genoeg vir julle en ons van die gawe van God.
Ons sal jul leer die gebruik daarvan. Wat ons goedsmoeds nie kry
Sal ons kwaadskiks nie neem; en vir wat ons neem sal ons duisendvoud gee
Met die welvaart wat altyd op vreedsame nywerheid volg.

Witman, jou woorde is baie mooi en mooi
had ek hulle verwag:
Want die hart van bedrog en die hart wat
opreg is word albei verberg deur 'n
vriendskapsgelaat.
Daaróm wou ek eers jou woorde hoor en
dan van jou mense se dade praat.
Jy's nie die eerste witman nie wat
heuning dra in sy mond;
Hier's 'n Engelse leeraar wat preek van
liefde en deug, van reinheid en reg.
Sy trou is die koningsgesag wat jy en jou
mense ontvlug het.
Aan watter kant is die reinheid en reg?
Moet ek, barbaar,
Tussen julle kies wat albei op hoëre aan-
spraak as myne roem?
Die leeraar se mense woon hier rond. Hy
preek nie vir hulle nie.
En soos hy kom jy met 'n ope hand en 'n
soete woord op jou tong.
Maar my monde het my berig, my oë het
jou mense gesien
Op osse sonder horings soos springbokke
vlug oor die aarde vlieg
En my beeste roof van my wagters.

* * *

Jy seg dit was Sinkonjella se volk as Boere verkleed?

Goed, witman, maak jou woorde waar. Gaan verhaal my beeste by Sinkonjella;

My getuie sal saam met jou gaan. Bring die gesteelde vee,

En die landstreek vanaf die Toegela tot aan die Oemsimvoeboe,

Van die berge tot aan die see, sal ek afstaan aan jou.

Maar dit pas 'n witman om goeie trou te bewys: vanself volg dit nie.

Bewys dan jou goeie trou of sien nie my aangesig weer in vrede.

Ek, Dingaan, het geseg. Ek ken die waarde van woorde. My kneg sal jou uitgelei.

Die Hart van Dingaan

DIE HART VAN DINGAAN

Daar is meer as 'n saak van beeste hier,
meer as 'n saak van land.
Ek speur moed in die witman se houding;
in sy stap 'n onbreekbare wil;
Uit sy oog straal die trotsheid van heer-
skappy; sy stem het die klank van
gebod.
Jy sou seg dit was hy wat hier Dingaan
was, en Dingaan sy onderdaan.

* * *

Geen één van my monde kan brul soos die
leeu. Geen neus van my
Kan so fyn soos die jakhals ruik; geen
oog so skerp soos die aasvoël sien;
Geen oor soos die blesbok hoor en geen
voet soos die springbok vlieg.
En tog is ons baas. Waarom? Om die
heerskappy wat dieper spruit.

* * *

Soos die diere in ons 'n meerdere vind,
kóm daar oor ons 'n meerdere nou?
Dis die vraag. Sal die swartman bly as
baas oor sy eie land;
Of wie sal heers in Suid-Afrika? My
aangaande—geslagte wat ná my kom

Kan na my 'n meerdere dien en die diens
bo die dood verkies—
Vir my eie tyd sal ek Dingaan bly of voor
my tyd as Dingaan sterf,
Ek, Dingaan, het die las van 'n konings-
kroon gedra. Dis 'n sware las—
Swaar om te dra—swaarder om af te lê.

* * *

Twee witnasies stry in Suid-Afrika.
Wie van die twee kan my hulp,
En wie van die twee sal my ondergang
wees? Wie van hul soek wat ek self
wil hou?
Daar's die één wat kom en gaan en die
tyd wat hy bly 'n vreemdling bly.
Sy hart is nie hier nie : sy hart is oorkant
die see.
Wat hy begeer is die buitenste ding, die
ding vir sy liggaam tot diens—
Die pad wat hy loop is nie myne nie—
nie die pad van Suid-Afrika nie.
Hy kan kom met sy oormag, sy vlag hier
plant, sy gesag hier voer—
Hier heers sal hy nooit, hy wat veg vir
sy wins—dis die hart wat heers.

Hy 't my opgestook vir sy eie doel—ek
verstaan en weet:
Hy wil my gebruik, maar ek vir hom.
Sy hulp sal help
Tot sy eie beurt kom. Want ook ek het
my doel. En my siel is daarin.
En dis daar waar my weerga is: die
Boer het sy land vergeet
Daar oorkant die see. Sy hart is op myne
alleen.
Hy sal veg met sy siel vir sy huis en
haard,
Vir sy wieg en sy graf, vir al wat sy liefde
en hoop voor leef,
Vir 'n land, my land, wat hy syne wil
noem, sy enigste tuiste op aarde.
Die Boer sal win of die swartman sal win.
Die Boer se pad
Is die swartman se pad, die pad van
Suid-Afrika. Hy sal heers
Of ek sal heers oor die land wat die land
van my vaders was:
Dis óns wat stry oor die heerskappy—die
Engelsman staan opsy.

* * *

Verraad? Die witman praat van verraad? Wat is verraad?
Verraad is die krag wat die wêreld dryf.
Witman en swartman, almal van ons—
Elke lopende, kruipende, swemmende, vliegende dier,
Elke siel wat leef—is die vyand van al wat leef.
Dáarvoor leef ons, en leef ons alleen : om lewe te neem om ons lewe te hou.
Dis 'n dure stryd waar die lewe die prys van oorwinning is,
En die straf vir neerlaag die dood. En oorwinnaar is hy

Wat by liggaamsgeweld die kruipende lis
van die gees kan voeg.
So lieg en bedrieg ons almal. Die Boer
het sy lis en myne het ek—
En dié wat verspeel sal kla oor verraad.
Laat dit hy wees wat kla.

* * *

So is die siel van die wêreldsbeloop. Is
daar iets agter, daarbo?
As daar is om te sien, en ons daar sal
wees om te sien, sal ons sien.
Die barbaar wat nie weet nie sal wag.
Die witman wat weet—laat hom gaan.

Die Blymoedige Afskeid

DIE BLYMOEDIGE AFSKEID

Wit staan die seile en tente, maar dof in
die dagbreek se skemer.
Rood glim die wiele deur die rook in die
vuurtjies se gloed.
Daar vér waar geen mens ooit reik—want
die reënboog wyk waar 'n sterweling
nader—
Daar vér waar die aarde die soom van
die hemelkleed soen
Met haar môrelied: „Wek my tog, wek
my, o hemel van lig!
My kinders is uitgerus," kom die ant-
woord gelyk met die bede,
Op die stille vleuels van glorie-belofte
gedra:
Die son kom aan uit die ooste—ons hoop
daag oor Soeloelands berge.

* * *

En op uit die tente uit harte van liefde
styg mensegebede na God omhoog:
„Oor hulle wat gaan, en oor ons wat
bly—
U seën, o Heer; laat die seën van U
Wil geskiede!"

* * *

Saal op, ons moet ry, ons het vér om te gaan, ons moet ry!
Saal op en sê dag. Die vrouens wag vir die werk wat die mans moet gaan doen;
Daar is moeders wat oud en swak is, hulle wag vir 'n leuningstoel;
Daar is dogters wat wag vir 'n huisie, 'n huisie om blink te hou;
Daar is kinders wat wag om geleer te word vir die plig van volwasse werk;
Daar is laers wat wag ná die lange onrustige swerwe;
Daar's 'n land wat wag met 'n nuwe hoop vir 'n nuwe geslag om te erwe.

* * *

Daar's 'n kafferkoning wat wag vir die
trou van 'n witman se woord.

* * *

Saal op. Nog 'n gespe los? Maak hom
vas. Nog 'n bladsak leeg? Maak
hom vol.
Nog 'n handdruk hier? Nog 'n glimlag
daar? Nog 'n soen?
Nog 'n traan om te stort? Ja, 'n traan
van geluk. Dis geen afskeid nie—
Dis 'n seëtog. Tot siens, tot siens!
Hou die waens klaar om te trek
En pas onse kindertjies op tot ons kom.
Tot siens, ons kom gou,
Met die reg van ons land in ons sak, om
ons nuwe huisies te bou.

* * *

Daar hang oor die bult nog 'n wolk van stof in die blink gesig van die son.
Op die agtertrap van 'n wa, met kappie terug oor die skouers,
Maar 'n hand teen die voorhoof gehou—want die oë skyn vanself,
Die hare skyn in die son—staan 'n jonge moeder en staar agterna.
'n Stemmetjie galm op engelwys. Sy draai om, terug na die wa.
Doedoe, my kindjie, tot Pappie weer kom, Pappie weer kom, Pappie weer kom;
Doedoe, my hartliefie, Pappie kom weer; Pappie kom haastig, haastig weer!

* * *

By 'n ander wa, op 'n kruk geleun, staan 'n gryse ou moeder en staar agterna.
Die laaste stoffies is lank al verdwyn, dan staar sy maar nog agterna.
Haar stem is nie meer, maar haar hart kan nog sing en die Kenner van harte hoor :



Die Laaste van die Sewentig

DIE LAASTE VAN DIE SEWENTIG

Sit nader tog, witmans, ek het julle lief,—sit digter by my.
Is jul almal nou—nie één moet makeer nie—al sewentig man?
So lief het ek julle, so lief, nie één moet makeer by die afskeid.
Hoe diep—sien jy, witman, hoe diep het jou les die barbaar getref?
Jou les van liefde en vrede? Week is Dingaan se hart gemaak;
Die tradiesies van al sy vaders, die gesag deur homself gebou,
Is weggevaag met 'n vreemdelings-woord wat swerf uit verleëntheids-nood.
Daarom rus my traktaat in jou sak met my eie naam onderteken,
Die naam van Dingaan die gevreesde, voortaan nimmermeer te vrees.
En dáarom die afstand van land—Dingaan se gebied was te wyd—
Dingaan se glorie te roemryk; Dingaan was te magtig en groot.

Ja meer nog: die prys van my land uit
my eie kraal, die beeste van my gesteel,
Ook dié gee ek af. Dis 'n konings-
geskenk, die geskenk van 'n koning
gevalle.
Ek het liefde geleer vir die witman; my
hart is soos water week.

* * *

En julle, wat sê jul, my impi's—my kin-
ders? Lê af julle vrees vir Dingaan;
Geen ontsag wil ek meer geniet nie.
Dingaan soos jul hom geken het—
Met 'n oog wat soos bliksem skiet oor die
hellings van Soeloelands berge,
Met 'n stem wat soos donder dreun deur
die waters van Soeloelands klowe—
My kinders, hy is nie meer nie. Die
meeste nie meer onder meerdere,
Maar 'n mindere onder die minste. Be-
veel my, my kinders, ek dien;
Gebied my en ek gehoorsaam. Die wit-
man het my betower.

* * *

Buig voor die witman se grootheid, my
kinders. Speel die gek vir die witman
se spot.
Streel sy vermaak met 'n lied, met die
lied en die dans van jul vaders;
Verneder jul hoogmoed, my impi's, oor-
winnaars in duisend gevegte.

* * *

Ons weet nou nie beter; ons sing maar en
dans soos die seuns van barbare—
Van duisend geslagte wat rus. Laat ons
sing van die wíldebees
Wat uit vreemde en verre geweste kom,
uit die vlaktes van honger en dors,
Oor ons Drakensberg se spelonke, oor
kranse en klowe gevlieg,
Om te graas op ons kuddes se velde.
Sing nou in ootmoed en liefde.

Dingaan, julle dienaar, sal lei met die woorde. Toe nou, die eerste vers :

O wilde, wilde bees!
Jy kom om baas te wees;
Jou poot is op die berge,
Jou horings in die lug—
Wie's stout genoeg vir terge,
Wie's gou genoeg vir vlug?

Seg, witman, is dit nie mooi nie? My kindertjies, nog 'n vers :

O wilde, wilde bees!
Ons sidder van die vrees;
Ons kniel voor jou hieronder—
Hoe sal ons voor jou leef?
Jou brul is soos die donder,
Jou stamp laat berge beef.

My kinders, ons gaste geniet dit. Sing
weer om die witman te eer:

O wilde, wilde bees!
O goeie, sagte gees!
O wees ons tog genadig,
Kom trap ons tog nie dood:
Jou hart is so weldadig,
Jou jammerte so groot.

Was dít nie jou les nie, witman? Din-
gaan het mooi geleer
Van die liefde wat alles gee. En luister
hoe óns waardeer:

O wilde, wilde bees!
Ons sal gehoorsaam wees.
Aan jou en al jou maters
Gee ons ons groenste wei,
Gee ons ons beste waters,
Om ewig op te bly.

Sit nader, witman, sit nader. My kinders se geesdrif brand;
My kinders dring digter met hulde; my kinders word mal van liefde:

O wilde, wilde bees!
Ons sal jou knegte wees.
Ons is maar makke beeste—
Ons is maar Dingaan's vee—
Hy hou van jou die meeste,
Hy sal jou alles gee.

Te naby, seg jy, Retief? Ag, witman, dis liefde wat dring.
Wees tog 'n oomblik verdraagsaam; die speletjie is naby sy ent,
En daar's mooier versies wat kom. Sing nou, my kinders, met volle bors,
En trap dat die aarde dreun. Nader witman—straks trap hul jou raak:

O wilde, wilde bees!
Wie sal ons toevlug wees?
Jy 't Dingaans mag verower;
Jy 't Dingaans veld gedeel;
Jy 't Dingaans gees betower;
Jy 't Dingaans hart gesteel.

O witman, klink dit nie mooi nie! Geen ander as jy kon dit doen.

En nou kom ons almal nader. Kom nader, o witman, nader—my impi's kom nader en nader:

O wilde, wilde bees!
O donk're toow'naars gees!
Pas op, Dingaan die Grote
Is uit sy droom ontwaak;
Pas op, sy heldgenote
Staan klaar vir Dingaans wraak.

Wát is dit, witman, vér genoeg? Het die speletjie vér genoeg gegaan?
Ag, witman, my kinders sal kwaad wees as ek afbreek voor die ent.
Hulle sien nog geen wang verbleek nie; hulle sien nog geen ooglid beef.
Dis 'n aardigheid om met helde te speel. Maar geduld, geduld—
Hier kom nou die allerlaaste vers, die beste en mooiste van almal:

Jou witte toow'naars bees,
Wie sou jou kunste vrees?
Ons stokke en assegaaie
Sal steek en breek en raas;
Ons aasvoëls en kraaie
Wag vir die witmans aas.

BOELALANI ABATAGATI! Gryp hul, my kindertjies, gryp hul.
Sleep die towenaars weg. Maak hulle baie seer.

Moor hulle stadig dood. Laat my aas-
voëls geduld gebruik
Op Hlomo-amaboeta. Spaar Retief om
die langste te leef
En kom seg my of hy geleer het die beté-
kenis van vrees.
En dan spring julle weg na die witman
se laers by Blauwkrans—hoor jy,
Hoor jy, witman, my laaste gebod? Ja,
kners jou tande in onmag—
Dan spring julle weg naar die laers,
haastig, voor tyding of waarskuwing
kom.
Sorg dat jul almal daar slapende vind,
en moor, moor, moor—
Man en vrou en vader en kind, grysaard
en suigeling;
Delg hulle eenmaal almal uit. Hamba.

Via Dolorosa

Oor die Drakensberge bo

VIA DOLOROSA

Uit die Kaapse groen valleie,
  Uit die gryse Groot Karro,
Deur die gras van Vrystaats velde,
Trek 'n nasie, almal helde,
  Oor die Drakensberge bo—
  Vér van hulle vaal Karro.

Hier 'n kaalvoet by 'n kudde,
  Daar 'n wiegie in 'n wa :
Dis jou las waarop hul handel—
Dis jou weg wat hul bewandel,
  Met die wiegie in die wa :
  Dis jou pad, Suid-Afrika.

Deur Natal se vol riviere
  Na die hart van Soeloeland
Kom uit daardie swerwelinge
Uitverkore sterwelinge
  Met die lewe in die hand
  Na die dood in Soeloeland.

Uit die Poort van Oenkoenglowo,
Uit die kraalhek van Dingaan,
Rasend kom 'n swarte skare,
Grou van grusame barbare,
Na die kraal se kerkhof aan,
Na die slagplaas van Dingaan.

En die skare skuim en sketter,
Skater skor met dronk gebaar
Om die liggame gedrae,
Wroegend onder folterplae,
Lewend op die doodsweg daar,
Sterwend onder grof gebaar;

Lewend-sterwend, aaklig lydend,
Sugtend sonder kerm of kla.
Wees hul nageslags behoeder,
Want dit is jou smart, o moeder,
Wat hul sonder klae dra,
Op jou pad, Suid-Afrika.

Vér oor Dingaans Golgota
Loop jou pad, Suid-Afrika

Ja, dit is jou smart, o moeder,
Wat jou nasie-stigters ly—
Trou aan bloed van verre jare
Nageslag van martelare,
Eerste van 'n nuwe ry—
Van 'n nasie wat sal bly :

Van 'n Afrikaner-nasie,
Waardig om die kroon te dra,
Daar op kruisweg swaar verworwe
Deur ons vaad're daar gestorwe,
Dat hul kroos die kroon mog dra
Op jou pad, Suid-Afrika.

Want hy loop ook daar nie dood nie,
Selfs op Dingaan's Golgota.
Leg hul ook daar onbegrawe,
Weggegooi soos dooie hawe :
Vér oor Dingaan's Golgota
Loop jou pad, Suid-Afrika.

Die Aand op Blauwkrans

DIE AAND OP BLAUWKRANS

Weer is die nag op die laers geval en die
vuurtjies brand by die waens.
Soos óns wat hiervandaan soheentoe kyk
sou 'n wagter van vér
Daar tussen die sterre daarbo
Allerlei vorm van patroontjies sien op die
donkere aarde hieronder,
Soos robyne-snoere verlore op die veld,
party aan mekaar
In 'n kring of 'n streep of 'n knoop of 'n
strik, en die orige los,
In 'n groepie hier en 'n paartjies daar,
en dan weer één vir één—
Vuurtjies, vuurtjies, vuurtjies—swer-
wende tuistes se noodshulp-troos,
Maar 'n troos met die gloed van 'n vaste
hoop : *Met ongeduld wag ons*
Om in te span vir die laaste skof, van al
ons swerwe
En al ons swaar. Ons vrouens en kinders
is moeg. Maar nou, maar nou—
Elke oomblik verwag ons Retief en sy
sewentig trug. So gou as hul kom

Met die reg van ons nuwe land, so gou sal
ons kweek en bou
En vaste woninge vestig. Vergeet sal ons
nie, ons sal nooit vergeet
Die tuis van ons kinderjare. Ons sal
onthou,
Maar ons kroos sal 'n nuwe tuiste werf
en sy liefde sal daaraan kleef—
Ons nageslag sal met vrye oog na 'n vrye
hemel kyk,
En met vrye voet die vrye bodem betree
Van 'n vrye land, 'n eie land, 'n vrye
vaderland.

* * *

By één van die vuurtjies gewaar ons die
jonge moeder weer,
Die suigeling aan die bors. Hoor haar
haar wiegliedje sing—
Soet uit die volheid van liefde soos 'n
engele-sang uit die hemel,
Sag soos 'n stem van herin'ring uit verre
dae verlede
Wat in seldsame, eensame, peinsende
oomblikke spreek uit die graf—

Hoor haar haar wiegliedjie sing uit die hart van die moeder en vrou :

Pappie 't gaan ons huisie haal
By die wilde Kafferkraal
In die woeste wê-êreld:
Huisie haal, huisie haal—
Pappie 't gaan ons huisie haal
Vir ons nuwe wê-êreld.

Vuurtjie maak vir kindjie vaak—
Wie sal tog oor kindjie waak
Teen die hele wê-êreld?
Moeder sal oor kindjie waak:
Niemand sal aan kindjie raak
Uit die bose wê-êreld.

Hoor ons tog, o liewe Heer!
Bring ons Pappie gougou weer
Na ons kleine wê-êreld:
Moederlief en kindjie teer—
Ons verlang tog al te seer—
Eensaam in die wê-êreld!

* * *

En terwyl sy al singende sus lê 'n man
se liggaam vermink,
Rustend na foltersmart, op Hlomo-
amaboeta;
En terwyl haar lieflinkie slaap, kruip
swarte gedaantes nader.

* * *

By 'n ander vuur sit ons gryse ou moeder
en dink agteruit—
Oor jare vér, aan 'n huisie vér, daar vér
in die vaal Karro;
Aan 'n bakkende somerdag en besies wat
skree in die dorings;
Aan die trillende lug oor 'n vlakte wat
sug in die gloed van die skroeiende son;
Aan 'n skaduwee-eik voor die agterdeur
en 'n jonge vrou wat karring;

Aan 'n krulkoppie wit wat rondom haar
speel en gedurig maar dwing na die
son;
Aan 'n man wat moeg van sy werk af kom
om 'n rukkie by vroutjie te rus;
Aan wolke soos blomme-borduursel-
patrone op sneeuwitte linne
Wat oopvou om tafel te dek vir 'n fees op
die Swarte Berge,
Maar skielik van luim verander en
donker-boosaardig frons,
En die son bedek en die hemel oorsprei
en dreig met 'n brommende dreun;
Aan reuse-druppels wat plof, plof, plof,
op die eikeblare val.

* * *

Vroutjie, die droogte is oor; ons reën is hier; ons oes is behoue.

* * *

Maar waar tog is Pietjie? Pietjie is agter 'n skoenlapper aan, daar gunter in die ope veld.

* * *

En nou begint die waters te stort en soos swepe te slaan op die aarde.

Verblindende bliksems bars deur die wolke, die donderslae klap soos kanonne.

Pappie vlieg weg agter Pietjie aan. 'n Weerligstraal met die knal daarby—

En Pietjie se skaterlag klink deur die rasende waters:

„A, Pappie het tog geval; Pappie het lekker geval!"

* * *

Pietjie se hare is dun van bo en langes-
aan skimmelgrys,
Maar nog, vir die oue ou moeder, nog
altyd maar bly hy die babetjie.

O Here, bewaar tog vir Pietjie en die
ander wat by hom is,
Daar vér in die woeste wêreld, daar onder
die wrede Kaffers;
Hy's tog die enigste één wat ek het, en
ek is oud en alleen . . . .
Die tyd is al daar dat hul trug moet kom:
bring hom tog veilig weer—
My ou kindjie na Moedertjie weer.
Vergeef tog, o God, my swakke geloof;
Stil tog die onrus wat klop in 'n moeder
se moeë ou hart.

* * *

En terwyl sy bid kyk 'n dooie gesig uit
skimmelgrys hare omhoog—
En nergens op Hlomo-amaboeta, daar
waar hy neergegooi lê,
Die hand van 'n gryse ou moeder om die
modderbloed af te vee.
En terwyl sy bid kyk donkere grimmende
grynsende goed uit die donker haar
aan.

* * *

Slapenstyd nader, die laer maak klaar
vir sy rus;
Uit één vir één wakis word boeke gehaal
en met eerbied geopen;
Ongesiene altare rys by die vuurtjies;
Die veld is in 'n tempel herskape. 'n
Nasie bid.

* * *

Besef julle, skaduwee-skimme vergank-
lik, uit niet, tot niet en verniet
Vir 'n oomblik van waansin ontwaak en
tot drogbewustheid besiel,
Tollend in die rond op 'n stippel in die
grenslose Ruim—
Besef julle wié julle is wat bid, tot Wié
julle bid en vir wat?
Julle hele mensegeslag, ja die ganse op-
klimmende leer
Van die lewe op aarde, ontvou uit die
slyk en die slym
Van die eerste gekoelde moeras—deur die
wurm tot die likkewaan;
Deur die aap met 'n stok vir 'n speer in
'n poot van 'n hand,
Tot die vuile en woeste Barbaar met sy
moordevernuf;
Deur julle wat swerf vir 'n vryheids-
droom en vir reg en liefde ly,

Tot 'n nageslag wat versteende geraamtes
van julle sal graaf
Uit lae van rotse wat wag om te vorm
in die eeue wat kom,
En sal rangskik as nog weer 'n soveelste
skakel in die ketting
Van uitgestorwe aapgenerasies van die
soveelste periode:
Tot die laaste lewende siel wat sy uiter-
ste snik
Sal haal uit 'n wind wat al kouer en sag-
ter sink
Tot sy ewige rus op 'n ysharde bol, nog
doelloos draaiend
Om die smorende rooie kool van 'n dood-
gaande son—
Daardie ganse spot-spel van aardse lewe,
van die eerste toneel tot die laaste,
Van wurm tot swewende arend, van aap-
mens tot godmens gestyg,
Is 'n vlietende flikker van dag tussen
ewighede van nag—

'n Blits wat 'n donkere wolk verlig en donkerder laat as tevore.

En julle wat noueliks tyd het om te tuimel uit die wieg in die graf—

Julle bid tot die Ongenaakbare, Ewige Onbekende?

* * *

Ons aanbid onse God wat regeer met 'n Majesteit so oneindig

Dat Hy ied're atoom in iedere sel van die laagste wurm bestier.

Ons, wurms, mag buig voor die Hoogste; ons, sondaars, die Heilige nader;

Want ons God van eindlose Almag is ons eindloos erbarmende Vader.

Hoe verborge Sy Raad en Sy Doel ook, ons weet van Sy Liefde en Trou—

Hy waak deur ons nag en Hy lei op ons weg en Hy woon in ons hart;

Al wat meer is is minder as niks—ons weet ons Verlosser leef.

* * *

En daarop volg die gesang van vertroue onwrikbaar vas:



En terwyl die gebed uit die laer styg
staar holle oë omhoog
Op Hlomo-amaboeta na die sterre, wat
terugskyn, gevoelloos koud.
En terwyl die psalm oor die veld weer-
galm kom swarte gedrogte nader,
Aangesluip, sissend en kwylend, tande
wit, oë van moordlus rood,
Met ongeduld wagtend tot één vir één
tent deur sy stilte getuig
Van slapende kinders wat bou op 'n
wakende Vader se trou.

* * *

Eloï, Eloï, Lamma Sabachtani! Van
kruis tot kruis
Wat stap vir stap die weg van die mens-
heid merk,

Waar is U septer, o God wat regeer?

Bladsy 131

Styg die vraag van verwyt tot 'n God wat
swyg, rol die martelkreet
Met die eeue saam. Waar is U septer,
o God wat regeer?
Hoor tog en antwoord, o Vader van liefde
—waar is U hart?
Aldurig gefolter, gepynig, gekruisig U
beste en edelst' op aarde:
Die minsame selfvergetende, gekruisig
deur vuile gewin;
Die waarheidsapostel, gekruisig deur
huiglaars bedrog;
Die held offervaardig, gekruisig deur
lafaards verraad:
U dienaars, o God, U dienaars, gekrui-
sig om U ontwil—
Altyd, o Hoogste, U nederlaag en die
boosheid se seëpraal.
Waar is U mag dan? Of waar is U wil?
Myn God, myn God,
Waarom hebt Gy my verlaten? En
overal is God?

* * *

Haat en geweld en bedrog dan sou hier
op die aarde regeer—
Selfsug en onreg en leuen immerdeur
triomfeer?
Geen nut om vir waarheid en reg aan die
kant van die Hoogste te staan,
Met ydele edele ideaal, gedoem om ten
gronde te gaan—
Voortdurend gekruisig, veronreg; ver-
neder, verpletter, verslaan?
Maar dan nooit verdelg! Want waar
sou daar kruise ook staan
Waar gekruistes ontbreek? Op die
Hoogste se dagvaarding, altyd maar
weer,
Staan getuie gereed: „Maak ons bloed-
bewys-offer U waardig, o Heer!"
Waar dan is die seëpraal? By die
kant wat sy doel nooit haal,
Wat met al sy geweld die buitenste stof
van die held
Nie eens sovér kan plaag as tot daar
waar die wurms knaag—

Met geen meerdere buit vir sy roem as
'n waardlose walgende lyk,
En tot spyt van sy kwaad die mensheid
met onsterflik voorbeeld verryk?
Wyl „die aap tot mens ontwikkel, ge-
vorm uit 'n handvol slyk,"
Oormag verag, homself oorwin, vry-
willig kies om te ly
Vir 'n wêreld wat hom versmaai, vir 'n
God wat verborge bly!
Nee, verborge dan nimmermeer—maar
'n Skepper geopenbaar
Deur Sy skepsel se godlike siel, seë-
vierend oor stoflike swaar.

* * *

Die skepsel ly één vir één, die Skepper
met almal saam:
Op Golgota hang 'n God aan die kruis,
en Hy hang in die mensheid se naam.

Ander Gediggies:

1. Die Stem van Suid-Afrika
2. Die Onteiening
3. Die Vallei van die Skaduwee van die Lewe

DIE STEM VAN SUID-AFRIKA

Uit die blou van onse hemel, uit die
diepte van ons see,
Oor ons éwige gebergtes waar die kranse
antwoord gee,
Deur ons vér verlate vlaktes met die kreun
van ossewa—
Ruis die stem van ons geliefde, van ons
land Suid-Afrika.

Ons sal antwoord op jou roepstem, ons
sal offer wat jy vra:
Ons sal lewe, ons sal sterwe—ons vir jou,
Suid-Afrika.

*

In die merg van ons gebeente, in ons hart
en siel en gees,
In ons roem op ons verlede, in ons hoop
op wat sal wees,
In ons wil en werk en wandel, van ons
wieg tot aan ons graf—
Deel geen ander land ons liefde, trek geen
ander trou ons af.

Vaderland! ons sal die adel van jou
naam met ere dra:
Waar en trou, as Afrikaners—kinders
van Suid-Afrika .

*

In die songloed van ons somer, in ons
winternag se kou,
In die lente van ons liefde, in die lanfer
van ons rou,
By die klink van huw'liks klokkies, by
die kluitklap op die kis—
Streel jou stem ons nooit verniet nie,
weet jy waar jou kinders is.

Op jou roep seg ons nooit nee nie, seg ons
altyd, altyd ja:
Om te lewe, om te sterwe—ja ons kom,
Suid-Afrika.

*

Op U Almag vas vertrouend het ons
vadere gebou:
Skenk ook ons die krag, o Here, om te
handhaaf en te hou—
Dat die erwe van ons vaad're vir ons
kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele
wêreld vry.

Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons
vertrou, o Heer:
Met ons land en met ons nasie sal dit wel
wees, God regeer.

DIE ONTEIENING

Dis die derde jaar van droogte en dis vaal
in die Karro;
Uit 'n wolkelose hemel brand 'n harde
son van bo.
Ek sien blarelose stengels net soos
vingers opgesteek
Van die bossies stil en hygend wat
om uitkoms staan en smeek
Tot 'n jammerlose hemel en 'n son wat
skroei van bo.

Is daar lewe in die dood dan—ek hoor
stemme roep van vér?
Ja, dis stomme diere-stemme: dit is
skape wat so blêr—
Dit is ooie wat daar dorsly by 'n
opgedroogde dam,
Met elkéen 'n leë uier vir 'n wagge-
lende lam—
Dit is diere maar dis moeders en dis
kinders wat daar blêr.

Ek sien ginds 'n boere-huisie, ek hoor
mense-stemme daar—
Hoor 'n moedelose man sê aan sy
vroutjie: :„Ons is klaar.
„Was daar hierdie maand maar
reën kon ek tog my veetjies hou—
„Kon ek nog my skulde skuiwe, kon
met kindertjies en vrou
„Op ons plasie nog bly woon het—maar,
my Vroutjie, ons is klaar."

Ek sien witte wolke-banke oor die bloue
berge staan,
Hoor die eerste sware druppels dowwe
hamerhoue slaan.
Met 'n heerlikheid verblindend breek
die bliksems van omhoog,
Oorverdowend dreun die donders
deur die dolle hemelboog,
En dit dawer op die aarde soos die stort-
vloed vallend slaan.

Ek sien 'n groene lowerland—is dit die
vaal Karro,
Met blare blink van vettigheid en prag
van blomme bo,
Met ooie elk hoogmoedig by 'n
huppelende lam,
Met kruisgras-ruigte in die veld en
oorvloed in die dam?
Waar dooie kaal woestyne was is lewend-
groen Karro.

Ek sien stralende gesigte uit die boere-
huisie kyk;
Ek hoor 'n man vol owermoed sê:
„Vroutjie, ons word ryk;"
Hoor kinders vrolik, lewe-vol, wat
lag en sing en speel—
Voel trane oor my wange rol, my
hart is my te veel:
*Dis ander stemme wat ek hoor waar nou
die weelde pryk.*

DIE VALLEI

Van die Skaduwee van die Lewe

Ek was gelukkig. Om my huisaltaar
Was liefd' en vrede, en my weg was skoon,
My werk met voorspoed en met roem bekroon;
My planne was gereed vir menig jaar—
Toe val van doemend kwaal die vonnis:
„Maak jou klaar."

„My jare is nog in hul volle bloei,"
Het ek gejammer, „spaar, o Vader! spaar—
„O spaar my jonge lewe tog: dis swaar
„Om soos 'n halm van gras wat lustig groei
„Verniet geknak te word om in die son te skroei."

En met my smeek kom, ruisend soet en
sag,
Die stem wat ek gevrees het, fluis-
trend : *Kom!*
Ek kom jou haal, my Seun, jou nag is
om.
Vat aan my hand, en vrees nie wat jou
wag—
Ek is gestuur om jou te lei tot in die dag.

Ek wou nog met 'n liefde-blykie skei,
Nog met 'n laaste woord my liefste
groet
En troos : „Die slaap waarin ek val is
soet;
„Die boesem van die dood is sag. Verby,
„Hier digteby, my verre angs. Treur
nie oor my."

Maar weg was sy; en alles om my heen
Was weggevaag, tot niet, en stil, en swart;
En uitgedoof ekself met wil en hart;
Gevoel, geheue en gedagte—geen:
Vir my was daar niks meer nie, nie eens ek alleen.

Maar toe ek uit die nag van niks ontwaak
Was al my boeie los, en ek was vry:
Van swaarte wat teen aardse swaar moes stry—
Van diere-sin en -swakheid vrygemaak:
Verheerlik waar geen stof besoedlend my kon raak.

En hy wat my gelei het was by my.
My Broer, seg hy, *jy's my gelyke nou—*
Kom saam om, beter siende, te aanskou
Die lewe wat die mens op aarde lei—
Soos hul dit lewe noem wat nog op aarde bly.

En snel soos 'n gedagte in sy vlug—
Want geeste perk geen ruimte wyd of syd—
Had ons verlaat ons kring van heerlikheid,
Was op die aarde by die dooie trug,
Onsigbaar siende, swewend, swewend in die lug.

Twee reekse berge, ontoeganklik, steil,
Waartussen ek 'n diep valleị sien lê—
Wat merk jy, Broer? hoor ek die Engel sê.
„Miljoene," antwoord ek, „wat weswaarts yl
„Asof hul na die son wat daar verdwyn het peil.

„Ek sien 'n grysaard hou 'n kind se hand;
„Al struiklend slof hy en hy beef van vrees
„Dat hy sal val—en wie versorg die wees?
„Ek sien 'n jonge egpaar hand aan hand
„En voel die vuur van liefde in hul harte brand.

„Ek sien 'n dronke waggel in sy waan;
„En ene dra 'n goudlas vir sy vloek,
„En gaande krap hy om nog meer te soek.
„Ek sien 'n woestaard aan 'n swakke slaan;

„Ek sien 'n jammerhart bied arme aalmoes aan.
„Ek sien hoe bose drifte daar regeer,
„Hoe ene streef na wellus en genot,
„'n Ander maak sy roofgier tot sy god,
„Nog weer 'n ander slaaf om ydle eer —
„Maar niemand kom ooit ná aan wat sy hart begeer.

„Dan tussen daardie dwase, hier en daar,
„Sien ek 'n wyse vir die hoogste stry
„En faal—maar strydend sy geluk verkry.
„Rein, onrein, alle soorte deurmekaar—
„Maar na die weste-berge yl die ganse skaar.

„En telkens kom 'n nuwe ene by;
„En telkens val daar ene op die pad,
„Sy maters kom hom op hul skouers vat,
„En dra hom saam dat hy nie agterbly—
„Maar net 'n entjie en dan gooi hul hom opsy.

„So ene sien ek nou, in rou gedraag,
„Met vriende en verwante om hom heen,
„En agteraan 'n weduwee wat ween;
„En, nader siende, ken ek haar wat kla,
„En, wat my liggaam was sien ek die wurms knaag.

„Maar almal wat daar gaan jaag haastig voort.
„Met oë gretig op die berg gerig
„Waaroor die son verdwyn het met sy lig;
„En nimmer, nimmer is daar pad of poort,
„En niemand, niemand immer reik die donker oord.

„Waartoe die ydle spel? Wat is Gods
duistre Raad?"
Vra ek verbysterd. En die Engel
swyg,
Maar wenk my opwaarts. En ons
styg en styg.
Vra nie die Wil, seg hy, *maar sien die*
Daad:
Daar oor die ooste-berge gloei die Dae-
raad.

Die mensheid waan 'n donker toekoms
voor;
Hul jaag hom toe en hul behaal hom
nooit
(So min ontvlug hul die verlede ooit);
Maar, om die nag, het hul die dag ver-
loor:
Die Hede van elk oombliks-treetjie op die
spoor.

Vir God is daar geen loop of duur van
tyd,
Maar al wat was en wat sal wees is
nou:
'n Ewigheid aan d' Ewige getrou—
'n Eew'ge Hede van 'n Ewigheid.
En daar is hier, en hier is jy, verlos van
tyd.

Ja, hier is jy, my Broer, verlos van tyd—
Verlos van ruimte waar die tyd aan
kleef,
En van die dood van dié wat nog daar
leef,
'n Toekoms soekend—om te vind . . . .
'n Ewigheid:
Soos jy gevind het, Broer, o Kind van
Ewigheid!

Werke van Langenhoven

Ons Weg deur die Wêreld. Deel I, wat net die voorgeskrewe gedeelte van die Matrikulasie-Eksamen 1923/24 bevat 4/-

Lukse-Uitgaaf 10/-

Deel II 4/6

Lukse-Uitgaaf 10/-

Eerste Skofies op die Pad van Suid-Afrika 4/6

Lukse-Uitgaaf 10/6

Sonde met die Bure. 'n Verhaaltjie uit ons Weeldedae. 4de druk 2/6

Doppers en Filistyne 2/6

The Everlasting Annexation 3/3

Twee Geskiedkundige Opstelle (saam met Gustav Preller) 2/9

Die Afrikaanse Verjaardagboekie (met Spreuke van Boet Nelie) 3/3

Die Eensame Hoop 4/6

Die Opdraende Pad (in die Burger-Leeskring serie) (in die Pers) ... ...

Loeloeraai (in die Pers) 2/6

Gesange in Afrikaans 2/6

TONEELSTUKKE:

Die Wêreld die Draai (uit druk) ... ...

Die Famielie-Saak (uit druk) ... ...

Die Hoop van Suid-Afrika 1/9

Die Vrou van Suid-Afrika 2/-

Die Onmoontlike Tweeling 2/3

Vrouetrou 1/6

Die Burger-Boekhandel,

24--30 Keeromstraat,

KAAPSTAD.